**Sondag 10 Julie**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 2:8b-18**
**Fokusgedeelte: Hebreërs 2:14-15 (1983-vertaling)**

## Die hart van hulle wat U bely … vrees nie meer die dood nie

Die dood is ’n konstante realiteit in die mens se lewe. Die dood wag op elkeen van ons en ons geliefdes. Daar is verskeie maniere waarop mense dié vrees hanteer: onderdruk dit, minimaliseer dit, ignoreer dit. Vir sommige word dit ’n konstante vrees wat hulle lewens wil oorheers.

As kinders van God het ons ’n ander manier om die dood te beskou. Die Hebreërbrief handel oor die uitnemendheid van Jesus, ons Koning. Hy sit op die troon aan die regterhand van die Vader, en ons oë is reeds in hierdie lewe op die hemelse stad gerig (Heb. 12:22) wanneer ons vir ewig by God sal wees.

Die toegang tot hierdie genade is deur Jesus vir ons bewerk, deurdat Hy vir ’n kort tydjie Homself selfs “minder as die engele” gemaak het (vs 9) – dit is: Hy het mens geword. Hy het “aan vlees en bloed deel gekry” (vs 14). Hy móés mens word, omdat Hy as mens (in ons plek) Satan moes konfronteer en oorwin. So word Hy die Hoëpriester wat sy eie lewe offer sodat ons die vryspraak kan kry en na die nuwe Jerusalem mag hoop en uitsien!

Daarom vrees ons nie meer die dood nie! Ja, dit maak seer, skeur liggaam en siel uitmekaar, en bring skeiding tussen geliefdes. Dit is sleg, maar dis nie iets om te vrees nie. Ons is kinders van God, en daarom selfs in die dood veilig by Hom!

*Sing: Skrifberyming 5-4:2, 5, 6*

*Dr. AJ (Braam) Krüger (Benoni)*